basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V2

## MEI/JUNIE 2026

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*



Downloaded from www.mycourses.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.



Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET PW BOTHA SE REGERING IN DIE 1980's OP DIE ANTI-APARTHEID-MEDIAVERSLAGGEWING GEREAGEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Identifiseer die gemeenskapskoerant in die bron wat in 1980 gestig is. (1 x 1) (1)

1.1.2 Noem enige DRIE demokratiese organisasies in die bron wat vrywilligers verskaf het wat vir die *Grassroots*-gemeenskapskoerant gewerk het. (3 x 1) (3)

1.1.3 Waarom, dink jy, het *Saamstaan* voortdurende polisieteistering ondervind terwyl dit slegs 'n gemeenskapsnuusbrief was? (1 x 2) (2)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die UDF gedurende die 1980's tot die mobilisasie van interne weerstand teen apartheid bygedra het. (1 x 2) (2)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Lewer kommentaar op die simboliese verteenwoordiging van die volgende in die spotprent met betrekking tot Stoffel Botha se ekstreme maatreëls om die gedrukte media te verban:

(a) Toeskouers, wat op die agtergrond staan (1 x 2) (2)

(b) 'n Graf, op die voorgrond (1 x 2) (2)

1.2.2 Verduidelik waarom jy die byskrif van die spotprent, 'MASSABEGRAFNIS IN SUID-AFRIKA', as gepas sou beskou in die konteks van die Minister van Binnelandse Sake, Stoffel Botha, se mediabeperkings in die 1980's? (2 x 2) (4)



Downloaded from www.mycourses.co.za

1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Maak 'n lys van VIER tipes aktiwiteite in die bron waaroor die media nie mag berig het nie toe 'n nasionale noodtoestand in Junie 1986 afgekondig is. (4 x 1) (4)

1.3.2 Definieer die historiese term *rewolusie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.3.3 Waarom, dink jy, het Stoffel Botha beperkings afgedwing op berigte oor verbanne swart nasionalistiese groepe? (1 x 2) (2)

1.3.4 Verduidelik waarom Aggrey Klaaste *The Sowetan* as die enigste manier beskou het waarop swart mense uiting kon gee aan van hulle diepgewortelde gevoelens teen Botha se regeringshervormings. (1 x 2) (2)

1.4 Lees Bron 1D.

1.4.1 Identifiseer enige TWEE politieke gebeurtenisse in die bron wat in die vroeë 1980's met Mojalefa Moseki se aankoms by *The Sowetan*-koerant saamgeval het. (2 x 1) (2)

1.4.2 Haal enige TWEE bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat die koerant (*The Sowetan*) en verslaggewers duur betaal het vir verslaggewing teen die apartheidstaat. (2 x 1) (2)

1.4.3 Wat word geïmpliseer deur die frase: '(*Sowetan*-redakteurs het) lank gelede enige "vrees" wat hulle vir die regeringswette gehad het, verloor', in die konteks van negatiewe verslaggewing oor die polisie? (1 x 2) (2)

1.4.4 Verduidelik die term *sensorskapwette* in die konteks van PW Botha se mediabeleid. (1 x 2) (2)

1.4.5 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die sensorskap van die media gedurende die 1980's in Suid-Afrika navors. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1D die bewyse in Bron 1C ondersteun met betrekking tot die bekendstelling van mediabeperkings in die 1980's deur Stoffel Botha. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe PW Botha se regering in die 1980's op die anti-apartheid-mediaverslaggewing gereageer het. (8)

**[50]**



Downloaded from www.mycourses.co.za

## VRAAG 2: WAAROM IS DIE TOESTAAN VAN AMNESTIE DEUR DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) AAN DIE VEILIGHEIDSTAKPOLISIEMANNE VIR DIE DOOD VAN STANZA BOPAPE AS KONTROVERSIEEL* BESKOU?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Haal TWEE maniere uit die bron aan wat toon hoe Stanza Bopape voor sy dood in polisieaanhouding beskryf is. (2 x 1) (2)

2.1.2 Volgens die bron, wat het Generaal Johan van der Merwe goedgekeur om die negatiewe politieke uitwerking (gevolge) van Stanza Bopape se dood in polisieaanhouding te vermy? (1 x 2) (2)

2.1.3 Definieer die term *amnestie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.4 Tot watter gevolgtrekking kan jy kom uit die feit dat die Minister van Wet en Orde, Vlok, die Veiligheidstak-polisiemanne se weergawe van Stanza Bopape se 'ontsnapping' ondersteun het? (1 x 2) (2)

2.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Stanza Bopape se moeder by 'die polisie wat saam met hom was' gepleit het dat hulle 'hiernatoe moet kom en ons vertel waar sy beendere is'. (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Verduidelik die verwysing na 'hulle' in Francina Bopape se stelling. (1 x 2) (2)

2.2.2 Wat word geïmpliseer met die stelling: 'Al wat ek hulle vra, is om die waarheid te praat …', in die konteks van waar Stanza Bopape hom sou bevind? (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Haal enige DRIE aksies uit die bron aan wat toon hoe Stanza Bopape deur die Veiligheidstakpolisiemanne ondervra is. (3 x 1) (3)

2.3.2 Identifiseer enige TWEE Veiligheidstakpolisiemanne in die bron wat teenwoordig was toe Stanza Bopape ondervra is. (2 x 1) (2)

2.3.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en noem wat die stelling, 'dit was nooit ons bedoeling om hom dood te maak nie', oor die Veiligheidstakpolisiemanne se ondervragingsmetodes suggereer? (2 x 2) (4)



Downloaded from www.mycourses.co.za

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Haal die kontroversiële bevinding van die WVK met betrekking tot die dood van Stanza Bopape, uit die bron aan. (1 x 2) (2)

2.4.2 Noem die hoof van die veiligheidspolisie in die bron wat in die Stanza Bopape-saak om amnestie aansoek gedoen het. (1 x 1) (1)

2.4.3 Verduidelik die term *volledige bekendmaking* as 'n voorwaarde wat deur die WVK vereis is. (1 x 2) (2)

2.4.4 Wat word geïmpliseer met die stelling, 'aansoekers het 'n goed geoliede weergawe van gebeure aangebied', gedurende die getuienis voor die WVK-verhoor? (1 x 2) (2)

2.4.5 Lewer kommentaar op waarom 'n historikus die bron betroubaar sou vind wanneer die bewyse wat oor die verdwyning van Stanza Bopape by die WVK-verhoor voorgelê is, nagevors word. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe Bron 2D van Bron 2C verskil met betrekking tot die WVK se besluit om amnestie aan die Veiligheidstakpolisiemanne toe te staan. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom die toestaan van amnestie deur die Waarheids-en-Versoenings-kommissie (WVK) aan die Veiligheidstakpolisiemanne vir die dood van Stanza Bopape, as kontroversieel beskou is. (8)

**[50]**



Downloaded from www.mycourses.co.za

## VRAAG 3: BEVOORDEEL DIE CHINESE BELT AND ROAD INITIATIVE (BRI) BRICS+-LANDE?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Noem enige TWEE streke waar China se BRI die potensiaal het om die geo-ekonomiese landskap te verander. (2 x 1) (2)

3.1.2 Volgens die bron, watter TWEE banke ondersteun die BRI-projekte? (2 x 1) (2)

3.1.3 Verduidelik wat geïmpliseer word met die frase, 'n 'wen-wen-situasie', in die konteks van Chinese BRI-belegging in ontwikkelende lande. (2 x 2) (4)

3.1.4 Definieer die term *ontwikkelende lande* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.5 Waarom, dink jy, het BRICS-vennote, Rusland en Indië, voorbehoude oor China se Belt and Road Initiative? (1 x 2) (2)

3.2 Lees Bron 3B.

3.2.1 Maak 'n lys van enige DRIE van die 'vyf konnektiwiteite' wat Chinese geleerdes glo 'n algemene pad vorentoe vir beide die BRI en BRICS is. (3 x 1) (3)

3.2.2 Verduidelik op watter wyse die versterking van die onderlinge verband tussen BRI en BRICS tot voordeel van China sal wees. (1 x 2) (2)

3.2.3 Waarom, dink jy, kan China se beskouing van hulleself as die 'leidende magspunt' of 'dominante mag' binne BRICS, verhoudings tussen BRICS-lidlande negatief beïnvloed? (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik hoe Amerika in die spotprent uitgebeeld word. (1 x 2) (2)

3.3.2 Watter indruk gee die spotprenttekenaar van die BRI? Gebruik visuele leidrade om jou antwoord te motiveer. (1 x 2) (2)

3.3.3 Lewer kommentaar op die beperkings van hierdie bron vir 'n historikus wat die voordele van China se Belt and Road Initiative (BRI) bestudeer. (2 x 2) (4)



Downloaded from www.mycourses.co.za

3.4 Bestudeer Bron 3D.

3.4.1 Volgens die bron, noem DRIE geleenthede wat aansluiting by BRICS vir Ethiopië bied. (3 x 1) (3)

3.4.2 Identifiseer die TWEE tradisioneel dominante Westerse leners in die bron van wie BRICS graag onafhanklik wil wees. (2 x 1) (2)

3.4.3 Verduidelik die term *Suid-Suid-samewerking* in die konteks van globalisering. (1 x 2) (2)

3.4.4 Waarom, dink jy, sal ondersteuners van die BRI die Addis Abeba-Djiboeti-treinspoor as 'n sukses beskou? (1 x 2) (2)

3.5 Verwys na Bron 3B en 3D. Verduidelik hoe Bron 3D, Bron 3B ondersteun met betrekking tot China se gebruik van die BRI om ekonomiese ontwikkeling van BRICS+-nasies te versterk. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik of die Chinese Belt and Road Initiative (BRI) BRICS+-lande bevoordeel. (8)

**[50]**



Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Verduidelik tot watter mate Steve Biko en die Swartbewussynbeweging 'n belangrike rol gespeel het in die mobilisering van swart Suid-Afrikaners om in die laat-1960's en die 1970's die apartheidsregime uit te daag.

Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die proses om 'n demokratiese Suid-Afrika tussen 1989 en 1994 te bekom, het glad verloop as gevolg van die rol van kundige onderhandelaars.

Bespreek hierdie stelling krities. Ondersteun jou argument met relevante historiese inligting. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Gorbachev se pogings om die Sowjetunie deur beleidsveranderinge (Glasnost en Perestroika) te red, het uiteindelik in die middel-1980's tot 1991 tot die val daarvan gelei.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

*Kopiereg voorbehou*

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za